

“Trying times need courage and resilience. Our strength as a people is not tested during the best of times.” Thabo Mbeki

STAATSREDE (SONA)

Die President se SONA gisteraand sou baie in landbou behaag het, terwyl ons sal moet sien hoe die woorde in daad omgesit word, die klem op 'n markgeleide ekonomie en 'n groter rol vir die privaatsektor voorspel goed vir die toekoms. Ons verwelkom veral sy aankondiging dat Transnet daarop gefokus is om doeltreffendheid by die hawens te verbeter deur bykomende toerusting aan te skaf en nuwe stelsels te implementeer om huidige opeenhoping te verminder. Dit was nadat die CGA 'n beroep op die President gedoen het om onmiddellike ingrypings aan te kondig om die situasie by die hawens voor die 2022-uitvoerseisoen wat afskop, te verbeter.

Hieronder is 'n paar ander uittreksels wat veral vir die sitrussektor relevant is:

- Ons weet almal dat die regering nie werk skep nie. Besighede skep werk.
- Ongeveer 80 persent van alle mense wat in Suid-Afrika werksaam is, is in die private sektor werksaam.
- Die sleuteltaak van die regering is om die toestande te skep wat die private sektor – groot sowel as klein – in staat sal stel om na vore te kom, te groei, om toegang tot nuwe markte te verkry, om nuwe produkte te skep en om meer werknemers aan te stel.
- Die probleme in die Suid-Afrikaanse ekonomie is diep en dit is struktureel.
- Wanneer elektrisiteitsvoorsiening nie gewaarborg kan word nie, wanneer spoorweë en hawens ondoeltreffend is, wanneer innovasie deur 'n skaarste aan breëbandspektrum teruggehou word, wanneer watergehalte verswak, is maatskappye huiwerig om te belê en kan die ekonomie nie behoorlik funksioneer nie.
- Met die oog daarop om hierdie uitdagings die hoof te bied, versnel ons die implementering van verreikende strukturele hervormings om hierdie nywerhede te moderniseer en te transformeer, investering te ontsluit, koste te verminder en mededingendheid en groei te verhoog.
- Die elektrisiteitskrisis is een van die grootste bedreigings vir ekonomiese en sosiale vooruitgang.
- Beurtrug het steeds 'n groot impak op die lewens van alle Suid-Afrikaners, wat sake-aktiwiteite ontwig en bykomende druk op gesinne en gemeenskappe plaas.
- Ons ekonomie kan nie groei sonder doeltreffende hawens en spoorweë nie.
- Oor etlike jare het die funksionering van ons hawens relatief tot hawens in ander dele van die wêreld en op die Afrika-vasteland afgeneem. Dit beperk ekonomiese aktiwiteit.
- Die landbousektor maak byvoorbeeld sterk staat op doeltreffende, goed-bestuurde hawens om hul produkte na oorsese markte uit te voer.
- Vars produkte kan nie vir dae en selfs weke in 'n terminaal staan en wag nie.
- Dit benadeel besighede en beïnvloed ons land se reputasie as 'n uitvoerder van gehalte vars produkte.
- Transnet sal binne die volgende paar maande voorstelle vanaf private vennote vir die Durban- en Ngqura-houerterminale versoek, wat dit moontlik sal maak om vennootskappe teen Oktober 2022 by albei terminale in plek te hê.
- Transnet sal vanaf April 2022 die proses begin om derdepartytoegang tot sy vragspoornetwerk te verskaf deur gleuwe op die houerkorridor tussen Durban en City Deep in Gauteng beskikbaar te stel.
- Transnet het vennootskappe met die private sektor ontwikkel om kabeldiefstal en vandalisme op die vragspoornetwerk aan te spreek deur gevorderde tegnologieë en bykomende sekuriteitspersoneel.
- Hierdie samewerkingspoging toon reeds resultate in verminderde ontwigting van spoorbedrywighede.
- Die landbousektor het aansienlike potensiaal vir werkskepping in gewasse soos sitrus, tafel- en droogdruive, subtropiese vrugte, avokado's, bessies en neute.